**Boodskap vir Sondag 21 Junie 2020**

Gegroet vanuit die pastorie en ’n spoggerige Vadersdag vir elke pa en oupa en grootoupa!

Ek hoor by my kollegas regoor die wêreld hulle ervaar dat hulle lidmate begin anderste vrae vra tydens die coronavirus-pandemie en al die inperkinge en vrees wat so wyd geanker word. Ook dat die christelike kerke nou gestraf word omdat hulle nie hoeka die wêreld evangeliseer het nie en nou met die booshede van China wat die christendom wil vernietig bombardeer word. Ek hoor ook dat kollegas meld dat hulle lidmate nou kontamineer word deur die godsdiens-programme wat wyd en syd op televisie-kanale en internet beskikbaar is en dat dit huismoles veroorsaak. Ander denkendes meen dat die huidige modelle van gemeentewees ekonomies onhaalbaar en geestelik onvanpas is.

As mens nou dieper dink as wat ’n sondaar pas, sien jy dat hierdie ’n baie kontensieuse saak is wat al vir millennia voorkom. Alle godsdienste neig om hulle as die fundamentele bewakers van die waarheid te beskou – die waarheid is ook dat dit hulle behoud is. Jou siening en paradigma bepaal selfs hoe jy die uitsprake van die Bybel verstaan en natuurlik in die hand van geestelike leiers om hulle kudde en gemeente op te pas tot redding en ’n hemelse nadoodse toekoms. En, o ja, kerke loop al leeg en as ’n organisasie ly dit ’n verlies op vele terreine voor die coronavirus kom pla het.

Deesdae het die houding van die christelikheid al heelwat verander teenoor die anderste gelowe, maar aan die ander kant is juis faksies van daardie anderste gelowe soos Islam wat weer die christene beskou as vyand nommer een en so met woede en aggressie. Dit herinner mens aan die Kruistogte waar christelike gelowiges derduisende Moslems doodgemaak het in ’n suiweringsveldtog om hulle eie saligheid te verkry.  Baie miljoene mense is al oor die tye in die naam van godsdienstigheid doodgemaak.

Is daar net een regte soort van godsdiens en miskien een goddelike manier om gemeente te wees? Die antwoord sou afhang van wie jy vra of watter heilige boek as riglyn gebruik word of in watter tradisie iemand grootgeword het of selfs in watter landstreek iemand woon. Toe Jesus op ’n slag min of meer die vrae gevra is, het hy met ’n diplomatiese antwoord gekom soos ons kry in Markus 9:38-41: *Johannes het toe vir Hom gesê: “Here, ons het iemand gesien wat in u Naam bose geeste uitdrywe. Ons het hom probeer keer, omdat hy ons nie volg nie.” “Moet hom nie keer nie,” sê Jesus, “want daar is niemand wat 'n kragtige daad in my Naam sal doen en net daarna minagtend van My sal kan praat nie.* ***Wie nie téén ons is nie, is vír ons.***

Moes Jesus nie dalk uitgeskreeu dat ’n dissipel gemaak moet word van die man wat in sy Naam booshede uitdryf nie, of dat hy gedoop moet word nie? Wat presies bedoel Jesus in Johannes 14:6 dat Hy die weg en die waarheid en die lewe is? Is Jesus waarlik die Seun van die lewende God, of is dit net geykte kerkspraak soos Wilhelm Jordaan in die rubriek Van Alle Kante voorhou? Jordaan meen daar is baie gelowiges wat in twyfel en onsekerheid leef en vernuwing in hulle geloofslewe soek – hy praat die waarheid, ek ken vele sulke mense.

Voor ons eers Jesus se antwoord ontleed, kan ons bietjie terugkyk wat gemeentewees behels het die afgelope paar dekades in die NG Kerk. Nie te lank terug moes vrouens nog ’n hoed kerk toe dra en was die predikant en kerkraad in swart getooi. Die kerkraad het voor in die kerk gesit. Lidmate wat nie erediens gereeld bygewoon het nie, is vinnig voor stok gekry. Om te skei of om oor die tou te trap was tugbare sake en nog vele ander afhangende hoe die dominee die gemeente bedryf het. Deesdae is dit anders: Kom kerk so soos jy wil en wanneer jy wil. Die kerkraad het nie veel van ’n funksie nie en het

meer met bestuur te make. Tugbare sondes se fokus het verander na 'n saak vir pastorale ondersteuning. Die feit van die saak is dat die NG Kerk van vandag heeltemal anders is as 50 jaar terug.

Die rol van die geestelike leier het ook oor tyd verander – mens kan maar sê aangepas by moderne tye. Vyf dekades terug was die pastor of priester die baas van sy plaas en sy siening en besluite was soos die wet van die Mede en die Perse. Vandag is die predikant die visie-draer, die spirituele rigtingwyser, die toeruster van ander leiers e.d.m. Nie te lank terug was die dominee beskou as die ware verteenwoordiger van God en deesdae is die herder en leraar 'n gewone mens wat sy opleiding en roeping by 'n gemeente-bedryf uitleef.

Net so het die siening van die lidmate ook verander: Hulle is nie meer tot die letter en 10 gebooie per geloofsbelydenis gehoorsaam nie, maar nou elkeen met 'n eie geestelike roeping en talente en gawes; bediening is al 'n ruk besig om van analoog na digitaal te verskuif, van byeenkomste en lering na verbintenisse, van meer globaal na plaaslik, van stille deelnemers na betrokkenheid en veral so synde predikante 'n onbekostigbare koste-item geword het.

Jesus se diplomasie met sy antwoord vloei vanuit die omstandighede van sy tyd waar christenskap nog nie bestaan het nie; Jesus was soos 'n rabbi, 'n leermeester met 'n klompie gekose volgelinge. Die griep-pandemie en depressie van 100 jaar terug het ook die kerk anders laat optree. Net so het die godsdiensbedryf in Europa radikaal verander na die twee wêreldoorloë. Dit is nie 'n skeeftrekkery nie, nie afgodery nie, nie ongelowigheid nie wat die kerk se benadering verander nie, maar omstandighede en geestelike behoeftes wat verander. Dan praat ons nie eens oor die verandering na die tyd van Maleagi tot Matteus nie. Dit behels die bybring van 'n Nuwe Testament. Die Ou Testament word tot vandag steeds grootliks gedeel deur Moslem en Judaïsme en ons het Christus se blye boodskap bygekry en die Ou Testament behou.

Die kerk staan weer by 'n nuwe dagbreek en nuwe omstandighede en ander ware behoeftes – weereens word 'n aanpassing van bediening benodig. Die ouer garde wil die strepe trek, maar die nuwe generasie het geen sin in verhewe riglyne nie. Wat wel gedeel word deur alle mense is 'n natuurlike behoefte aan spiritualiteit. Die eintlike vraag is dus vir die NG Kerk of daar wel fokus-oortuigings is waaraan die aanpassings kan haak om darem by die basiese kern van geloofsoortuigings te bly? Dit is juis hierdie stel standaard-oortuigings wat die meeste bevraagteken word en wel so oor al die eeue. Daaruit spruit die deurlopende ontstaan van nuwe geloofsgemeenskappe. Om te delf in die skopus van die egte waarhede van die Ortodokse en Calvinistiese en Protestantse en Christelike geloof, is nie eenvoudig nie – duisende dik boeke en kommentare is al daaroor geskryf.

Die antwoord moet eerder gesoek word by die eenvoud van die mees basiese beginsels soos liefde vir God, jouself en naaste. Studies wat verskillende gelowe met mekaar vergelyk wys daarop dat hierdie kernwaarhede by omtrent almal voorkom. Dit is dan ook waarskynlik die ondergrond van Jesus se antwoord dat as iemand se dade nie teen God is nie, dan moet mens hom uitlos al glo hy of sy anders. Dan vra mens ook wat die Groot Opdrag beteken soos gevind in Matteus 28 vers 19: *Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels*. Dissipel beteken om na te volg, wat weer die vraag laat wat dit beteken om Jesus te volg?

Gemeentes is nou nie meer naastenby soos die heel eerste christelike gemeentes was nie. Die verskil tussen daardie gemeentes en gemeentes in 2020 is waarskynlik groter as tussen die Gereformeerde en ander groot geloofsgroepe van die wêreld. Sal ons dan moet aflei dat alle paaie na Rome lei aldus die

idioom? Wie weet regtig wat perfek reg en 100% verkeerd is. Miskien sou Jesus se antwoord ook hierop wees dat eerder gekyk moet word na die hart van ’n mens, eerder as sy geloofsgroep.

Een van die befaamde professore wat deel was van my opleiding tot predikant het die mening oor die Groot Opdrag gehandhaaf dat ’n christen-gelowige nooit die pad sal byster raak as hy eenvoudig die Groot Gebod in hart en daad uitleef nie. Vele, het hy bygesê, raak die pad byster deur aan ander te wil vertel wat die waarheid is. Ons, het hy gesê, het die Gees van God in ons en die Gees wil dinge beter maak deur die krag van liefde en nie deur die krag van dogma nie. Hy het ook gesê dat as ons eenvoudig in die voetspore van Jesus sal loop, ons meer verdraagsaam sal wees met ander wat anders glo. Hy het gemeen dat ons eerder moet aanvaar dat die hemel baie plek het, eerder as om die hel vol te probeer kry. Sendingwerk aldus sy mening was om mense bloot te stel aan die God wat liefde is. God, het hy gesê, is altyd liefde versinnebeeld, die liefde wat Jesus vertoon het as die weg en die waarheid en die lewe.

Een van my vriendinne wat baie mense baie lief voor was en wat terminaal siek was, het in haar laaste ure op aarde die kwelling met my opgeneem of haar kollega en vriendin wat saam met haar gewerk het vir baie jare en wat die toonbeeld in hart en daad van liefde en opregtheid was en nooit sleg gepraat het van iemand of ’n godsdiens nie en ’n Moslem was, eendag sal hel toe gaan as sy sal doodgaan? Sy het gesê sy kan nie in vrede sterf as daar ’n God aan die ander kant wag wat so iemand sal wil verdoem nie. Ek het haar geantwoord dat vir die Skepper van hemel en aarde dit uiteindelik gaan oor die hart van mense op aarde en dat wat anderkant die lyn van hier en daar gebeur vir ons nie bekend is nie, maar ek vermoed baie anders is as wat ons dink – veel beter het ek vir haar gemoedsrus met my verstaan van die waarheid probeer gee.

My vriendin se vriendin het ek raakgeloop by haar begrafnis en sy was duidelik ’n goeie en aangename mens sonder kwaad. As ek nie geweet het sy is ’n Moslem nie, sou ek dit nie uit haar houding en woorde kon agterkom nie. Was ek reg of het ek my oorlede vriendin belieg? Aan die ander kant, soos almal al min of meer beleef het, ken ek ook uitgesproke christen gelowiges wat in hart en daad baie boos is – is hulle salig vir die ewigheid of verdoem tot die groot en ewige vuur? Ons sou dalk maklik hierop kon antwoord – behalwe natuurlik as dit jou kind of geliefde is en dan sal jy maklik Skrifgedeeltes kry wat bevestig dat as mens Christus bely en gee nie om jou doen en late nie, is jy gered.

Om in stryd te probeer tree met die wetenskap of Islam of Judaïsme of wat ook al, sal jou besig hou en moeg maak en onseker en deurmekaar. Koning Salomo se wysheid in die Prediker hoofstuk 12 is steeds geldig: *Die belangrikste van alles is: My kind, wees versigtig! Daar kom nie 'n einde aan die skryf van baie boeke nie, te veel studie ooreis die liggaam. Die slotsom van alles wat jy gehoor het, is dit: Dien God en gehoorsaam sy gebooie. Dit is wat van die mens gevra word. God sal rekenskap eis oor alles wat gedoen word, ook oor wat in die geheim gedoen word, of dit goed is of kwaad*.

Of dit nou vreemd klink óf nie – die kerk is ’n besigheid in die geloofs-industrie. Net soos by enige organisasie of besigheid sal die kerk suksesvol wees as sy produk aanloklik en nodig is. Omstandighede en behoeftes verander en so ook die siening oor kerk en geloof. Kerke wat nie aanpas nie, gaan te gronde omdat hulle produk ongeldig geraak het. Desnieteenstaande het die kerk eintlik ’n voordeel bo ander besighede. Dit is dat sy kruks, sy skopus, sy kern altyd die wesenlike behoeftes van mense aanspreek en dit bly altyd dieselfde produk – liefde vir God, jouself en medemens en verhoudings, verhoudings met God, met medemens en met jouself. Dit is ’n onvernietigbare bedryf want geen mens kan eintlik daarsonder nie. Waar dit afwesig is, gaan alles agteruit en stort mettertyd ineen. Nie

humanisme nie, maar wedersydse begrip, respek, aanvaarding, vertroue en ondersteuning is die produkte wat ’n kerk behoort aan te bied – dit wat teologies ’n missionale kerk genoem word.

Nie die Wet of belydenis of dogma maak ’n gemeente suksesvol nie, maar die verhouding met God, medemens en jouself. Só ’n gemeente begin by die hart van elke lidmaat, by die gesin wat oorvloei na die gemeenskap en dit vier in byeenkomste waar Christus beleef word. Nie meer net luister nie, maar beleef en groei in deelname aan die volle lewe. En vrygemaak om voluit te lewe deur die Gees eerder as om reëls en voorskrifte op jou gewete te dra. Kerk is ’n hulp om voluit en vrugbaar te lewe – nie ’n gegote vorm as die enigste pad hemel toe nie. Kerkwees behoort nie ’n plig te wees nie, maar wel ’n vreugde. Deelname is nie ’n vereiste nie, maar ’n present, ’n geskenk. Onbetrokkenheid is nie ’n vinnige pad na die verderf toe nie – veel eerder die gemis van ’n lewenshulp wat nie jou rusdag behoort op te vreet nie.

Amen